

NOMADES

Mei 2013 nuusbrief.

Hartlik goeiedag aan al die Nomades

Drie stappe vanaf ons vorige klubvergadering, Quaggaspad, Baviaanskraal en Magoebaskloof.

Geen verskoning vir enige lid wat kla dat hulle stapgeleentheid kry nie! Dan was Magalies se klubaand ook nog tussenin gewees. As julle dalk die laaste maand 'n bietjie Rustig was, daar is baie mooi stappe wat nou weer kom. Wees 'n bietjie waaghalsig, probeer weer 'n keer 'n rugsakstap of kyk of die opdraandes waarvan almal praat nie dalk platter is as wat hulle sê nie. Onthou, mooi plekke en spesiale uitsigte word soms slegs bekom deur 'n klein bietjie sweet en jellie-bene daarvoor te betaal.

24 tot 26 Mei gaan ons **Rustig** verkeer (in die aande) en bedag die Magaliesberge aandurf as dagstappe of 'n oornag roete tussen Hartbeespoortdam en Magaliesburg.

15 tot 17 Junie stap ons **Windy Brow**, naby Cullinan. As ek reg onthou 'n redelike plat stappie, maar darm 'n geleentheid om 'n bietjie die stapstewels weer vol stof te maak.

Roete terugvoer

Quaggaspad Voetslaanpad, naby Balfour. 5 tot 7 April 2013

Dag1, 13.5Km. Oor die pad, verby Buks's huis ruines, Sangoma bos, Louis Pieter se boom, Jan Predikant se boom, die Ligene Bos, Ou klipkrale, die toilet en vars water, en terug na die basiskamp. Die roete het 'n baie goeie en lekker kombinasies van stukke platstap, deur beeskampe, deur beeshekke, 'n verskeidenheid van plaasdamme



ruines, krale en dan ook heelwat natuurlike koppies vir afwisseling met baie natuurlike bosse en bome, vanwaar mens mooi uitsigte oor die vlaktes het. Die enigste probleem was dat ons almal gereken het op die Vars water en Toilet

sowat halfpad op die roete. Wel... Die kraan het los op die grond gelê, Daar was geen vars water (of enige water) in die pyp nie en soos julle hier-langsaan kan sien is die belofte 'plekkie' net 'n geboutjie wat lank-lank gelede dalk vir die 'doel' gebruik kon wees sonder 'n bak of selfs 'n gat in die grond. Die bome moes toe maar die ding doen.

Die Basiskamp waar ons beide die Vrydag en Saterdag aand geslaap het is redelik basies. 4 Storte, wat met 2 donkies gestook moet word, waarvan een gewerk het. Daar was ook 'n Gasstoof met een van die 2 plate wat teen 'n slakkepas darm ons

tee/koffie water en my Sondag-oggend-eier-ontbyt kon gaarmaak. Die 4 kamers is redelik ruim met hoofsaaklik enkel bedjies. Die terein by die kamp kom egter ietwat onversorg voor. Die son-krag stelsel het nie gewerk nie en die een wasbak was verstopt.



Dag2, Sowat 7Km.. Baie minder beeste op vandag se staproete. Die grootste deel van die roete loop ons deur 'n wildskamp met heelwat wil en BAIE hoë heinings wat met lang lere oorgeklim moet word. 'n Baie platter stap as die vorige dag. Een van die mooiste dele is 'n ou kraal met baie ou bome daarom, 'n baie lekker koel en rustige rusplek gewees.



Ook 'n paar keer uitsigte oor die Rooiwal kragstasie in die verte.

Bespreek by anvie vir die basiskamp roete.

Annalene Bester, Adrie Krugel, Mary-Ann van Staden, Wilna Moolman, Marius Stander, Norma Grotius, Kobie Venter en Sally Steyn het saamgestap.

**Baviaans krans Voetslaanpad in diepark, bestuur deur 'North West Parks & tourism board'
Vrydag 19 April tot 21 Sondag 21 April 2013**

Jannes, Gerrie en Marius het die roete aangedurf. Dit lyk asof die ander Nomade lede ietwat bang was vir die reën wat die Saterdag voorspel was, maar toe nie veel gepla het nie. Jannes het vir ons 'n verslag gestuur. Baie dankie. :



Die stort-emmer wat gevul moet word met water wat langs die vuur gekook word.




Die 2de aand se oornag kamp. Kyk fyn vir die twee hutte regs agter op die Foto.

"Nieteenstaande die Weerburo se voorspelling van swaar reën en koue vir die naweek, het drie van ons, Marius, Gerrie en ekself, die pad gevat Rustenburg toe. Die eerste nag se kamp, Explorer, het twee kamers met 6 beddens elk. Die Parkeraad het olielampe vir lig voorsien en

baie vuurmaakhout sodat jy water in emmers kan warm maak om te stort. Die stort bestaan uit 'n emmer met 'n storkop onderaan. Dit het die Vrydagmiddag met tussenposes gereën, met 'n onderbreking wat lank genoeg was dat ons kon vuurmaak en braai. Dit het egter verder feitlik reg deur die nag gereën, en dit het gepaard gegaan met hewige donderslae wat soms baie naby geklink het.

Die volgende oggend het dit nog lig gereën, maar soos dit ywerige stappers betaam, het ons reggemaak vir die stap. Met die dat Gerrie koes-koes teen die reën om die huisie geloop het, het hy in een van die dakbalke vasgeloop, 'n drie cm sny in sy kop gekry en 'n baie harde val op sy stuitjie. Na die wond gewas is, het ons so teen 8:30 in die reën, in die pad geval.

Omdat ons voorbereid was vir die reën, het eintlik net ons stewels en voete nat geword. Na omtrent 'n uur se stap het die reën opgeklaar en het ons die res van die roete in heerlike koel weer afgelê, en dit op 'n goedgemerkter roete wat nie baie moeilik was nie. Ongeveer 1.5 km van die volgende kamp, Avon More, kruis die roete die pad na die kamp. Gerrie, wat nie goed gevoel het nie, het die kortpad kamp toe gevat. Ek en Marius het egter besluit om gou die laaste draai van 4 km te voltooi. Daar het ons toe agtergekome waarom hulle oor die roete waarsku: "The trail is not for the novice or unfit". Dit was 'n stewige klim met die tipiese frustrasie van, om die kruin te bereik, en dan net 'n volgende kruin te sien wat wag. Dit was egter 'n pragtige uitsig met die hoë pieke van die Magaliesbergreeks voor jou. Na net so 'n steil afdraende eindig die roete in 'n pragtige boomryke vallei.



Die Avon More-kamp is onder hoë bome aangelê. Die geboue is gemaak van glasvesel in die vorm van rotsformasies. Die fasiliteite was egter maar dieselfde as by die Explorer-kamp. Sonkrag is voorheen gebruik om water te verwarm, maar die panele het voete gekry. Dit lyk ook of die skelm in die park 'n voorliefde vir toiletsitplekke het.

'n Ere-veldwagter het aangebied om Gerrie Sondag terug na die Explorer-kamp toe te neem, en het hom toe eers op 'n begeleide toer deur die park geneem - glo baie interessant. Dit was 'n pragtige sonskyn dag, en ek en Marius – met ons rugsakke natuurlik – het die pad gevat, of gesoek, terug Explorer-kamp toe. Die roete was toegegroeï, veral in die begin, en ons het op 'n stadium lank na die groen voetspore gesoek. Na antie Avon se laaste rusplek het dit darem beter

begin geraak. Op hierdie roete loop 'n mens vir lang afstande langs die Tierkloofrivier met heelwat stroomversnellings, klein watervalletjies en swempoel. Daar is egter 'n paar geniepsige, mooi trap kruisings oor die rivier, en dan weer 'n styl klim tot by die groot waterval. Op een plek loop die roete oor 'n nou rotslys wat heel senutgerend was om oor te steek - en sekerlik 'n plek waar die Parkeraad 'n ketting kon aanbring. Die Tierkloof-waterval is werklik 'n pragtige, hoë val, en die teerpad in die Park loop daar naby verby, dus maklik bereikbaar vir ander besoekers. Hoër op is daar 'n uitgestrekte vleiland wat die rivier en waterval, wat self hoog in die berg is, voed. Met die Baviaanskrans al in sig het ons op 'n goed gemerkte voetpad geland wat toe teen 'n afgrond doodloop - heeltemal onverstaanbaar. So teen 13:30 het ek en Marius by Explorer aangekom. Gerrie het ons stortwater gereed gehad en ons kon moeg, maar skoon die terugtog aanpak. Baviaanskrans is beslis 'n pragtige, maar moeilike roete en nie vir die onfikse nie. Dit is egter baie geskik vir stappers wat vir lang stappe soos die Naukluft wil voorberei. "

Die klub het ongelukkig n hele sowat R620 verloor op hierdie stap, aangesien ons vir 8 persone bespreek en betaal het en net 4 persone het hulle gelde oorbetaal. Slegs 3 persone het gaan stap. Die koste was R150 per persoon vir die hele naweek.

Magoebaskloof – Dokolewa Seksie - 1 tot 5 Mei 2013.

8 Stappers het die driedag-rugsak-sirkel roete aangepak naby Tzaneen, sowat 330Km vanaf Pretoria. Daar was heelwat mense wat nog wou gaan, al was dit 'n rugsakstap, maar die ander beskikbare plekke op die roete was egter reeds volbespreek. Die groepie het die eerste aand in die Woodbush hut geslaap, deurgestap na die Waterval-hut (13.8Km), toe na die Dokolewa Poel hut (10.5Km) en terug na die Woodbush hut (10.5Km). Geen warmwater is beskikbaar by Waterval en Dokolewa hutte nie. Daar word gesê die Seligna bome op die roete is van die hoogstes aangeplante bome in die Wêreld. Dokolewa hut is bo-op die poel gebou en Piet sê die voordeel daarvan is dat dit nie saakmaak as jou medestappers snork nie, die klank van die water heelnag oorheers selfs die ergste snorker. Van die hoogtepunte op die roete is die baie bruggies in verskillende style wat baie goed instandgehou word oor al die riviere en poel. Dit was glad nie nodig om water saam te dra nie. Anna-Marie het blykbaar ook 'n baie nabye ervaring gehad met 'n 'groen' slang, wat die res van die stappers meer onstig het, aangesien Anna-Marie nie eers beset het sy het byna op die slang getrap nie. Navorsing na die tyd het darm geleer dat dit 'n heel onskuldige nie-giftige slang was.

3 dae stap, 4 nagte geslaap. Bespreek by Jacana vir die roete.

Wilna, Christo, Kobie, Hans, Piet, Illizette, Anna-Marie en Cornea het saamgestap.

Lede 2013.

Die volgende 24 persone het al hulle ledefooie betaal. Kontak my asb as jy betaal het en jou naam is nie op die lys nie. Gerrie, Norma, Erika, Karin, Edith, Cornea, Silvia, Ester, Hans, Wouter, Kobie, Phrina, Chrsito, Anna-Marie, Paul, Maryke, Annali, Irma, Corrie, Esmeralda en Nick Smith asook Marius, Jannes en Wilna. Elana de Jager is ons Jongste lid. Baie welkom.

Ons het jou ledegelde nodig om die klub aan die gang te hou, sluit asb aan en betaal jou R130 per JAAR. Dit gaan ons baie help om ons kontant vloei reg te hou so dat ons ook depositos vir die volgende stappe kan betaal sodat ons nie plekke verloor nie. Dan kry jy boonop afslag op jou besprekings fooie.

Magalies Voetslaan Federasie – Streeksaand. Elke laaste Dinsdagaand van die Maand.

Die April praatjie het gehandel oor Noodhulp. Baie intresant gewees.

Die berg-redding se telefoon nommers is ook weer verskaf, as daar groot probleme is op 'n stap en jou mede-stappers of die roete-eienaar is nie beskikbaar om te help nie. 074 125 1385 / 074 163 3952 of 082 990 5877 (Bergklub se nood nommer)

Van die intresante dinge wat genoem was is:

Met 'n hartaanval sal die persoon gewoonlik aan sy linker kant seer wees. Verwyste maag of rugpyn mag ook voorkom.

Wat ook baie belangrik is wat die dame genoem het, is dat voordat jy iemand help moet jy uitdruklik sy toestemming kry, tensy dit 'n lewensbedreigende opset is en die persoon nie self kan praat of reageer nie. As die persoon ook dan bv. sê jy moet nie sy wond behandel of aan hom/haar noodhulp bedien nie, mag jy nie. Dit bly sy keuse.

Vir brandwonde, soos met 'n gasstofie of by die vuur, verkoel die wond, maar nie met Yskou ys nie. Koel net die wond af. Verkieslik en waar moontlik met steriele water. Tandepasta, Eierwit, Heuning, Piesang of Prep of Burn-Aid sal ook help. Baie keer as jy inbel vir hulp sal die persoon vra hoeveel persentasie 'n persoon gebrand het. Jou handpalm is ongeveer 1% van jou (nie die ander persoon) se liggaams oppervlak. Of nog makliker, die 9% reel. Jou kop is 9%, elke arm is 9%, bo-been is 9% en onderbeen is 9%. Bors is 9%, Maag is 9% en rug is 18%. Daar is ook genoem dat 'n opgerolde koerant Vele gebruike het soos om 'n stut/spalk te rol vier 'n arm breek. 'n Ongebruikte koerant is blykbaar ook heeltemal steriel, dus veilig en goed om op wonde te sit in noodgevalle.

Algemene jaar vergadering Februarie 2013.

Lede gelde 2013

Beloop vanaf Februarie 2013 tot Januarie 2014 **R130.00** per persoon.

Ons Maandelikste klubaand se saal, webtuiste en ander uitgawes word o.a. hieruit gedek.

Dan is daar ook die geskenke en pryse en die basiese instandhouding van ons bankrekening.

Stapfooie.

Opbetaalde lede betaal R5 per persoon per nag ekstra bo-op die rou koste van die roete. Nie-lede betaal R15 per persoon per nag ekstra bo-op die rou koste van die roete. Sou 'n roete R120 pppn (per persoon per nag) kos en dit is 'n 2nag, naweek roete sal jou koste as volg bereken wees.

Basis Koste : $R120 \times 2 \text{ nagte} = R240.00$

Lid : $R5 \times 2 \text{ nagte}$, dus totaal sal wees $R240 + R5 + R5 = R250$ per persoon.

Nie-Lid : $R15 \times 2 \text{ nagte}$, dus totaal sal wees $R240 + R15 + R15 = R270$ per persoon. Hierdie ekstra fooi word gebruik om die Besprekings agente fooi, bankfooie vir in en uitbetalings, hout, charcole, blitz ens. te dek vir die roete asook om die ander uitgawes te help dek.

Die Einde. Marius.